Randjienuus

30 Augustus 2024

MNR. EN MEJ. RANDBURG

Die Randjies het Woensdagaand tydens Mnr. en Mej. Randburg 2024 op die loopplanke geskitter. Die aand het toeskouers op 'n reis deur 'n fantasiewêreld geneem, met mitiese kreature van die woud tot die see.

Ons eindig die aand deur die volgende wenners aan te kondig:

Tweede prinses: Jayleigh Foxcroft, Mnr. Randburg: Heinrich Cilliers,
Mej. Randburg Senior: Isabel Els, Eerste prinses: Nicole de Klerk

Tweede prinses: Monique du Plessis, Mej. Randburg Junior: Lia Pretorius,
Eerste prinses: Mieke Kok

Die volgende deelnemers het ook as itemwenners weggestap:

Mej. Randburg Jnr. Woeker: Mieke Kok
Mej. Randburg Jnr. Kreatiwiteit (feëvlerke): Lizzy van Niekerk
Mej. Randburg Jnr. Kreatiwiteit (kopstuk): Beaulah du Plessis
Mej. Randburg Jnr. Persoonlikheid: Lia Pretorius
Mej. Randburg Snr. Woeker: Nicole de Klerk
Mej. Randburg Snr. Kreatiwiteit: Isabel Els
Mej. Randburg Snr. Persoonlikheid: Isabel Els
Mnr. Randburg Woeker: Cameron Corrigan
Mnr. Randburg Kreatiwiteit: Wian Jacobs
Mnr. Randburg Persoonlikheid: Cameron Corrigan

RANDJIE-WEES STUDENTEFORUM

Ons **Randjie SF's** het besluit hulle wil graag deel wat dit beteken om 'n Randjie te wees. Kyk gerus uit vir ons nuwe Randjie-wees SF-rubriek.

HOERSKOOL RANDBURG
SLAGGEREED

RANDJIE-WEES
BOODSKAP VAN ONS SF

"Be the leader you would follow"

Jaarliks laat matrikulante hulle besonderse merk op hulle mede-Randjies. In 2021 het ons die skool as klein COVID-aggies binnegetree wat naby aan niks van die hoërskool geweet het nie. Ons het opgekyk na die matriek-reuse wat voor ons gestaan het, hulle skoolkennis en -ervaring was ligjare weg van ons eie. Hulle was (en is steeds) die sement in ons hoërskoolfondasie en ons het die voorbeeld wat hulle gestel het in baie opsigte gevolg.

Matriek 2025, volgende jaar is dit ons beurt om as seniorgroep die skool te lei. Waaraan gaan ons geken word? Geesdrif, deernis, deursettingsvermoe?
Maak jou merk vir die Randjie-generasies na ons. Kom ons wees die tipe leiers wat ons sou wou volg.

Annika S - SF 2025

AKADEMIE

DRAMA

Die Dramaleerders het die geleentheid gekry om na ’n professionele opvoering van een van hulle voorgeskrewe werke te kyk. Die **BlouSterteater**, wat ook ons klaskamer is, is blitsvinnig na skool in ’n teater verander en ons leerders, saam met drie ander skole se leerders, is met die protesteaterstuk, ***Woza Albert***, eerstehands blootgestel aan begrippe soos protesteater, Gestroopte teater, fisiese teater en Werkswinkelteater. Hierdie begrippe is almal deel van die graad 10- , 11- en 12-sillabus. Na die opvoering was daar ook ’n vraag-en-antwoordsessie. Die leerders het ’n unieke geleentheid gekry om aan lewendige teater blootgestel te word en beskik nou oor waardevolle verwysingsmateriaal ten opsigte van hulle vakrigting.

VAKMUSIEKLEERDERS

Op 17 Augustus het van ons vakmusiekleerders, vergesel deur **Juffrou Natascha en Meneer André**, aan die jaarlikse verrykingskursus deelgeneem, aangebied deur die Universiteit van Pretoria se musiekdepartement. Die leerders sluit **Ruan Visser (gr. 10), Marlé Greyling** en **Elaine Wijnbeek (albei matriek)** in. Hier het die leerders die geleentheid gehad om by verskeie spesialiste les te neem, onder andere dr. Charl du Plessis, dr. Tessa Rhoodie, mnr. Megan-Geoffrey Prins en me. Ané van Staden. Nie net het hul baie geleer nie, maar hul het as ons eie Astrum Trio die voorreg gehad om deel te wees van 'n fantastiese konsert wat die verrykingskursus afgesluit het.

KULTUUR

DANS

TADA: WOMEN'S DAY FESTIVAL

Arnel Swart (gr. 11) het op 9 Augustus aan die *The All-Style Dance Association (TADA) Women's Day Festival* deelgeneem en het die **volgende uitslae gekry**:

- *Jazz Solo* – **Goud**
- *Latin Duet* – **Goud**
- *Hip Hop Solo* – **Goud**
- *Latin Solo* – **Goud**
- *Lyrical Small Group* – **Goud**
- *Latin Trio* – **Goud**

Baie geluk met jou pragtige uitslae, Arnel!

RACA EISTEDDFOD

Arnel Swart het op 17 Augustus, aan die *RACA* Eisteddfod by Randfontein High School deelgeneem en **die volgende uitslae gekry**:

Afro Dance Solo: ***Gold (80% - 89%)***
Jazz – Straight/ Character Solo: ***Platinum (90% - 94%)***
Latin American Paso Doble Solo: ***Platinum (90% - 94%)***
Contemporary/ Lyrical Solo: ***Platinum (90% - 94%)***
Hip Hop/Funk/ Street Solo: ***Diamond (95% - 100%)***
Mega Dance Solo: ***Diamond (95% - 100%)***
Latin American Jive Solo: ***Diamond (95% - 100%)***
Latin America Cha Cha/ Samba Solo: ***Diamond (95% - 100%)***
Latin American Rumba Solo: ***Diamond (95% - 100%)***
Latin American Cha Cha Duet: ***Diamond (95% - 100%)***
Latin American Trio: ***Diamond (95% - 100%)***
Contemporary/ Lyrical Small Group: ***Diamond (95% - 100%)***

Arnel, jy is 'n ware Randjiester!

TIENERTONEEL

Baie geluk aan ons leerderproduksie, *Jane & John*, wat hul op 17 Augustus by die derde streeksfees van die ATKV-tienertoneelkompetisie uitstekend van hul taak gekwyt het.

Hulle is genomineer vir **beste klankoperateur (Ethan Bester)**, **beste akteur in 'n hoofrol (Wian Gouws)** asook **beste aktrise in 'n hoofrol (Sibella Naudé)**. **Ruan Cilliers** ontvang ook 'n nominasie vir **beste beligtingsoperateur** vir ons tienertoneelstuk, *Karnaval*. **Nicolaas Mitchell** word as die **beste verhoogbestuurder** van dié derde streeksfees bekroon.

RACA EISTEDDFOD

Nicole de Klerk en Nicola van Tonder (albei graad 11) het onlangs met hulle *slam poem* by die RACA-eisteddfod opgetree en uitstekend gevaar. Hulle het ook 'n *Special Adjudicator's Choice Award* losgeslaan.



VOLKSPELE

Jana van der Merwe (gr. 9) kom uit 'n Volkspele huis. Ouma, ma en dogters speel almal volkspele. Jana is die afgelope drie jaar by Magaliesmoot Laer geregistreer. Sy het ook verlede jaar die Vrystaatspan in Orania verteenwoordig. Sy geniet die Volkspele kultuur en alles wat daarmee saamgaan, soos Geskiedenisuitstappies, sweepklap en beesvel ry. Sy het ook al twee jaar die Volkspele Marathon voltooi waar die Volkspelers 20 ure moet speel om 'n medalje te verwerf. Jana is ook as die Onder-Landdros (onderkaptein) van die Vrystaatspan se Vormingsweek verkies, voorwaar 'n groot prestasie in leierskap. Sy geniet die spel sowel as die sing wat daarmee saamgaan. **Ietsie meer oor sweepklap**: Die sweepklap het ontstaan toe die Voortrekkers oor die Outeniqua berge met n span van 16 osse moes trek. In die pas kon daar nie twee waens bymekaar verby kom nie. Hulle het dan met swepe 'n kode geklap om te verneem of daar iemand in die pas is, as daar geen antwoord was nie, kon hul optrek. As daar antwoord was, het hulle weer in kode geklap om aan te dui of hulle al by die eerste uitspanning was. As die antwoord nee was, kon die persoon optrek en hulle kon mekaar by die uitspanning ontmoet en vir die nag kuier. Seuns en dogters moes dit aanleer, want party boere het net dogters gehad. Jana kan nou al met twee hand klap, wat opsigself 'n groot prestasie is. Jana het ook die kode bemeester en kan al in 'n groep saam klap. Jana beskik oor goeie leierskap, sy kom met alle Volkspelers goed oor die weg en kan op enige plek waar ons haar nodig het, leiding neem.

Baie geluk, Jana!

SPORT

SKUTS

GSSU Liga 5 is agter die rug en ons skuts het uitstekend gevaar. GSSU het na Liga 5 die span aangekondig wat vanaf 22 September tot 26 September 2024 in Modimolle aan die SANSSU SA's gaan deelneem. Ons is super trots om aan te kondig dat 11 Randburg skuts genooi is om deel te wees van die Gautengspan wat in Modimolle SA's gaan skiet. Die volgende skuts verdien hiermee hulle **Gautengkleure** omdat hulle gedurende die liga hulle kwalifiserende telling geskiet het:

Sporter onder 21:
Emma van der Want
Bianca Janse van Rensburg
Jayden Naude
Akira Jacobs

Sporter onder 16:
Kyle Fölscher
Ettienne van der Merwe

Presisie onder 21:
Ruan Wessels

Sporter 14:
Annabelle Kirstein

Pistool onder 16:
Chantal van der Bank

Ontwikkelingskuts is skuts wat nog nie die kwalifiserende telling vir hulle Gautengkleure geskiet het nie, maar by die Gautengspan ingesluit is om aan die SA's deel te neem. Indien hulle op SA's hulle kwalifiserende telling skiet, word Gautengkleure onmiddellik aan hulle toegeken.

Sporter onder 14:
Cara Prestorius
Neil Knoessen

Ons is besonder trots op dié 11 skuts!

Op Saterdag, 24 Augustus is GSSU se jaarlikse prysuitdeling en spandinee by Hoërskool Randburg gehou en ons skuts het ons baie trots gemaak met die pryse wat hulle gewen het. **Randburg skuts het soos volg pryse ontvang:**

- ★ Sporter onder 16 – beste 10m vir die jaar 2024 **Brons – Ettiene van der Merwe**
- ★ Sporter onder 21 – Beste 3P vir die jaar 2024 **Silwer – Jayden Naude / Goud – Akira Jacobs**
- ★ Sporter onder 16 – Beste 10m vir die jaar 2024 **Brons – Ettiene van der Merwe**
- ★ Sporter onder 16 – Beste 3P vir die jaar 2024 **Goud - Kyle Fölscher**
- ★ Sporter onder 14 – Beste 3P vir die jaar 2024 **Brons – Annabelle Kirstein**
- ★ Pistool onder 16 – Beste algehele telling vir die jaar 2024 – **Goud – Chantal van der Bank**
- ★ Presisie onder 21 – Beste 3P vir die jaar 2024 **– Brons – Ruan Wessels**
- ★ Sporter onder 21 – Beste 10m vir die jaar 2024 – **Brons - Emma van der Want / Silwer – Jayden Naude**
- ★ Sporter onder 21 – Algeheel beste telling vir die jaar 2024 – **Silwer – Jayden Naude / Goud - Emma van der Want**
- ★ Sporter onder 16 – Algeheel beste telling vir die jaar 2024 – **Silwer – Kyle Fölscher**
- ★ Sporter onder 14 – Algehele beste telling vir die jaar 2024 – **Brons – Annabelle Kirstein**
- ★ Pistool onder 16 – Beste telling uit 600 vir die jaar 2024 – **Goud – Chantal van der Bank**

ATLETIEK

Baie sterkte aan **Kaili Botje en Chané Vermeulen (albei matriek)** wat in Lima, Peru aan die jeug-wêreldkampioenskappe gaan deelneem (27 tot 31 Augustus).

- **Kaili** gaan aan die 100m- en 4 x 100m-aflos deelneem en
- **Chané** aan die 200m-, 400m- en 4 x 400m-aflos.

LANDLOOP

Baie geluk aan **Megan Kleynhans (gr. 8)** en **Liam Benade van Niekerk (gr. 10)** wat in die Sentraal Gauteng landloopspan opgeneem is!

Trots op julle, fantastiese prestasies!

KRIEKETPROEWE

Baie geluk aan die volgende leerders wat in hul verskeie ouderdomsgroepe tot die Gauteng-Noord krieketspanne verkies is.

Agter van l.n.r.: Joshua Swart, Richardt Barnard, Josef van den Berg, Tristan Nell, Liam Peek
Voor van l.n.r.: Alyssa Edwards, Else Badenhorst, Leandri Smit, Abigaile Jacobs

KRIEKET

Ons onder 15A-krieketspan het teen St Davids gespeel en goeie uitslae behaal. Baie geluk met die volgende puik prestasies: **Graeme Kitching** teken 104 lopies aan en neem ook drie paaltjies met 'n ekonomie van 3.2. **Leonardo Carreira** teken 98 lopies aan. **Brian Morton** teken 48 nie uit nie aan. **Rolf van der Merwe** neem twee paaltjies met 'n ekonomie van 5.6.

SKAAK

Vier van ons Randjie leerders het op 17 Augustus aan die provinsiale rondte van die **Individuele Gauteng Skaakkampioenskappe** deelgeneem.

- In die afdeling vir o/18-dogters het **Klarissa Pretorius** 11de geëindig en vier uit die vyf skaakwedstryde gewen.
- **Karli de Jager** het 20ste geëindig en het drie wedstryde gewen en een gelykop gespeel.
- In die o/18-seunsafdeling het **JG Luus** 32ste geëindig en het drie uit die vyf rondtes gewen.
- **Johann Bührmann** het 75ste geëindig en het twee uit die vyf rondtes gewen.

Welgedaan met julle harde werk en toewyding gedurende hierdie kampioenskappe.

TENNIS

Baie geluk aan ons tennisdogters wat op 23 Augustus, **62-48** teen Oosterlig gewen het asook aan ons tennisseuns wat hulle **72-16** geklop het. Julle het so mooi gespeel.

FIETSRY

Op 17 Augustus, het ons fietsryleerders aan die *CycleLab* skolereeks te HTS John Vorster deelgeneem. Dit is baie lekker om meer meisies in ons span te sien en ons nooi graag self snog meer meisies om deel van ons fietsryspan te wees. Ons het **vyf** leerders wat top tien posisies in hulle onderskeie katogorieë behaal het:

- Evan Naude (Eerste)
- Jayden Naude (Derde)
- Erik Breedt (Derde)
- Hannah Lansdell (Sesde)
- Reuben Christensen (Sewende)

Baie geluk met julle uitstekende prestasies!

Ons fietsryspan het 'n baie suksesvolle seisoen agter die rug en daar is nog een belangrike wedren wat vir hulle voorlê. Op Saterdag, 31 Augustus vind die laaste *Cycle Lab* skoolwedren by *Prime View* in Midrand plaas. Die wedren bepaal die skole wat op kwalifiseer om 21 en 22 September 2024 tydens die Nasionale finale by Hoërskool Wagpos deel te neem. Die top tien skole van elke distrik kwalifiseer. Tans is Hoërskool Randburg eerste op die puntelys gevolg deur onder andere Afrikaans Hoër Seunskool, Waterkoof Hoërskool en Menlopark Hoërskool. Ons wens ons fietsryspan sterkte met die laaste wedren van die *Cycle Lab* skolereeks toe. **Welgedaan, Randjies!**



RUGBY

Baie geluk aan ons o/16A-span wat in die finaal teen Hoërskool Wagpos gewen het! Wat 'n tawwe en naelbytwedstryd, maar ons manne het deurgedruk. Die eindtelling is 27 – 26. Dit is nou 'n **derde agtereenvolgende jaar** wat hulle span wen: wat 'n groot prestasie.

TAFELTENNIS

Op 19 Augustus het die tafeltennisspanne hulle eerste wedstryd van die liga teen Hyde Park gespeel

- ★ Span A het **9-5** gewen
- ★ Span B het **10-4** gewen
- ★ Span C het **10-5** gewen

Almal het dit baie geniet en dit was 'n goeie ervaring. Die leerders sien uit na hulle volgende wedstryd teen Queens High School.

FAST 5-NETBAL

Na afloop van die **laaste** ***fast 5*** **poelwedstryde** is ons baie trots op al ons netbalspanne wat Randburg baie goed verteenwoordig het!

Hiermee die uitslae:

- **Randburg 1 (O/15A)** eindig **eerste** in hulle poel
- **Randburg 2 (O/15B)** eindig **tweede** in hulle poel
- **Randburg 3 (O/14A)** eindig **tweede** in hulle poel
- **Randburg 4 (O/14B)** eindig **vyfde** in hulle poel
- **Randburg 1 (O/18)** eindig **eerste** in hulle poel
- **Randburg 2 (O/18)** eindig **tweede** in hulle poel
- **Randburg 3 (O/18)** eindig **derde** in hulle poel

Op 27 Augustus het ons *Fast 5* spanne aan die eerste uitspeelrondtes deelgeneem.

- **Randburg 1 (o/15A)** wen hul uitspelewedstryd teen Randburg 2 (o/15) en dring deur na 2 September se finale uitspele by Florida.
- **Randburg 3 (o/14A)** wen hul uitspelewedstryd teen Linden 1 en dring deur na 2 September se finale uitspele by Florida.
- **Randburg 1 (o/18)** wen hul uitspelewedstryd teen Randburg 2 (o/18) en dring deur na 2 September se finale uitspele by Florida.

Baie geluk aan al die netbalspanne, baie sterkte met jul finale uitspele, ons staan bankvas agter julle!

HELPENDE HAND

BABANUUS

Ons Randjiefamilie het gegroei! Baie geluk aan **Juffrou Chanelle Fouché en haar man, Hendrik,** met die geboorte van hulle dogtertjie, **Aneelie**! Mag sy vir julle baie vreugde verskaf.

AFHAAL VAN LEERDERS WEENS SIEKTE OF AFSPRAKE TYDENS SKOOLURE

Die volgende prosedures geld en ons versoek dat ouers asseblief streng hierby sal hou. Indien 'n leerder by die skool afgehaal moet word weens 'n afspraak van watter aard ookal, word u versoek om 'n brief te skryf met die leerder se naam en van, rede vir afhaal en tyd wanneer en wie hom/haar by die skool kom afhaal duidelik daarop aangedui. Hierdie brief moet deur mev. Elbé Gouws of Francois Vosloo geteken word.

Die leerder hou die brief totdat dit tyd is om die klas te verlaat, toon dit aan die onderwyser en meld aan by ontvangs om uit te teken. Die ouer meld op die bespreekte tyd by die hoofhek aan om die kind te ontmoet.

** Let wel: Leerders mag nie oor die interkom uit klasse geroep word nie **

Indien 'n leerder siek word by die skool, móét hy/sy na ontvangs gaan waar Ria Hoar die nodige sal doen. *Leerders word versoek om asb. nie self ouers te kontak nie. In geval van siekte sal die skool u dadelik in kennis stel.

Leerders wat voor 10:00 uur uitgeteken word, sal afwesig gemerk word.

U samewerking in dié verband word opreg waardeer.

Vir afwesighede, vul asseblief die *Google* vorm voor 08:00 op dag van afwesigheid in:
https://bit.ly/HSRBDV2020

Klerebank

Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15 oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

LO-Klere en sweetpakke slegs by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie! Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met Me. Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!

Randjie Gebedswag

(Randjie-ouers & -onnies wat bid)

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Woensdag-oggende vanaf 07:30 tot 8:30. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u Jackie Krüger by 083 651 8172 skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.

CSV

Elke Woensdag, tweede pouse in T13.
Almal is welkom!

PARKERING

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders 'gou-gou' op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is R150 per kwartaal.
Prosedure: Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrole is R250.00 en wanneer dit weer ingehandig, word R200.00 terugbetaal.

Algemene reëls vir parkering:

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.

****

NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.

ADVERTENSIES

WOENSDAE 12:30 – 14:15

Kaartbetalings alleenlik na 14:00

FORWARD THINKING

A smooth-running office with a filing system that works

- ✓Organise your office
- ✓De-clutter your office
- ✓Meaningful filing system

Choose from a variety of packages

Monthly Filing

Paper or Digitally

- ✓Invoices
- ✓Receipts
- ✓Bank statements
- ✓Other records

CONTACT US
FOR MORE INFORMATION

+27 (0)11 791 1751
+28 (0)84 602 8237
info@forward-thinking.co.za

A functional, efficient office and a place for everything

NINA'S TUTORING ROOMS
AFRIKAANS FAL

✓ **AFRIKAANS EERSTE ADDISSIONELE TAAL**

40 minute per klas

Aanlyn klasse

Aandklasse

Vir ouderdom 13 - 18

Graad 7 - 9 Dinsdagaande
Graad 10 to 11 Woensdagaande
Graad 12 Donderdagaande

Niena van Aswegen
B.Ed (Hons)
25 jaar ondervinding

SPESIALISEER IN:

- ✓ HUISWERK
- ✓ EKSAMEN VOORBEREIDING
- ✓ KURRIKULUM ONDERSTEUNING
- ✓ LEES EN BEGRIPSVAARDIGHEDE

VEREISTES:
stabiele internet, oorfoonapparaat met mikrofoon

nienavanaswegen@gmail.com

Made with PosterMyWall.com

Insure SPR
Precision Healthcare

INSURESPR HEALTH

VISIT US FOR ALL YOUR X-RAYS AND BONE DENSITY NEEDS.

Bone density services | **DXA Body Composition** | **General X-rays**

BONE DENSITY SERVICES
We screen and monitor bone health, particularly for patients with osteoporosis or those at risk of fractures.

DXA BODY COMPOSITION
We provide accurate body fat, muscle mass, and bone density measurements, ideal for athletes and individuals are managing their weight and fitness(gym goers)

GENERAL X-RAYS
Our comprehensive imaging services offer quick and precise diagnosis for various medical conditions.

Book an appointment
Tel : 010 001 9997
Cell : 083 450 7861

Visit us
E-MEDCENTRE,
7 MALIBONGWE DRIVE

Bekostigbare

studie-lenings

Doen nóú aansoek

Meer as **2500 studente** ondersteun

By NCR geregistreer

Maak jou drome waar

Tot R75 000 per jaar vir die normale duur van jou studies

Bykomende meriete toekennings word ook van tyd tot tyd aan toppresteerders gemaak

Wie kan kwalifiseer vir 'n studielening?

- Almal wat in Gauteng, Noordwes, die Vrystaat, Limpopo en Mpumalanga matriek met minstens 50% geslaag het
- Almal wat by 'n instansie wil studeer wat geakkrediteer is by die SA Kwalifikasie Owerheid (SAKO)
- Almal wat kan voldoen aan die keuringsvereistes van die NHS (bv. borge wat sekuriteit kan aanbied)

Hoe word die lenings uitbetaal?

- Uitbetalings word aan die student self gedoen en nie aan die universiteit of kollege nie
- Geld word in twee paaiemente uitbetaal: 50% van die lening word in Februarie betaal nadat jy 'n bewys van registrasie by die verkose studie-instansie gelewer het. Die tweede paaiement word betaal wanneer jy jou Junie-uitslae verskaf

Wat is die rentekoers?

- Prima minus 3 persentasiepunte terwyl jy studeer. Hierdie rente moet maandeliks terugbetaal word
- Ná voltooiing van jou studies verhoog die rentekoers na prima

Wat is die vereistes?

- Aansoekvorms is by die kantoor beskikbaar of op die internet by: www.nhsf.org.za
- Saam met jou aansoek is die volgende dokumente nodig:
  - 'n Afskrif van jou ID
  - Getuigskrif van jou skoolhoof en naam van referent

Aansoeke sluit jaarliks op 15 Oktober

Kontak ons gerus

www.nhsf.org.za

011 782 9160

admin@nhsfonds.co.za

Advertensies





Hier is die skakel vir **Wen jou Wetenskap en Wiskunde** - https://wenwetenskap.co.za/

Kom kuier saam by ons
STREET FOOD
FEES
BESTELLINGS KAN VOORAF GEPLAAS WORD
VEILIGE PARKERING, LEKKER MUSIEK, KAART FASILITEIT
VRY 30 Aug
DOMUS DEI KAMPUS
30 JEAN RD,
BLAIRGOWRIE
5-8pm


CARS OUT WEST
EST. 1987
We buy. We sell. We deliver
Competitive pricing offered
on all vehicles.
Call Derek Cavé today!
083 379 7718

ERNA BISSCHOFF (PTY) LTD

HET JY HULP NODIG MET WISKUNDE?

My metodes kan jou help om beter punte te behaal.

KABV KURRIKULUM GRAAD 8-12

Kontak Erna vir meer inligting.
Sel: 0796567764
Epos: ernabiss@gmail.com

LA COURONNE DENTAL INC.

011 792 2555

Dr Ryno de Vos

www.lacouronnedental.com

September 2024

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag
26	27	28	29	30	31	1
2	3	4	5	6	7	8
Toets 12 Admaths Gr 8-11 17:00 Netbal: Monday Night Lights A Capella oefening 18:00-21:00 Tafeltennis vs King David (w) LO 09:00-11:30	Verjaar: D. le Roux Netbal: Fast 5 uitspele Florida Koor: Her-oudisies Wisk/Gelets V2 09:00-12:00	Toets 13 Verjaar: E Mans Tennistoer: Bethlehem Atletiek: Lente Curro Hazeldean Gr 11 Loopbaanuitstalling 09:20-10:20 sportsentrum Geo V2 09:00-12:00 RTT (t) 14:00-17:00	Tennistoer: Bethlehem Fietsry: Awards evening Cycle Lab. Fourways Krieket vs Marais Viljoen Gesk. V1 09:00-12:00	Tennistoer: Bethlehem WOW Spelfees: L/S Louw Geldenhuys 14:00 LW V1 09:00-11:30	Tennistoer: Bethlehem Rugby Sewes (H/S Bergsig) Krieket vs HS Pta. Noord (w&t)	
9	10	11	12	13	14	15
Verjaar: E Potgieter Toets 14 Admaths Gr 8-11 17:00 Netbal: Monday Night Lights BL-vergadering 18:30 A Capella oefening 18:00-21:00 Tafeltennis vs Hirch Lyons (w) LW V2 09:00-11:30 Drama 09:00-12:00	Verjaar: R Hoar Dogterstennis: Holy Rosary AB (w) Kooroefening Toerisme 09:00-12:00	Atletiek: Egoli (UJ) Gr 11 GVS PAT Gesk. V2 09:00-12:00	Gr 8-11 Punte in Netbal: Fast 5 uitspele (Florida) Krieket vs Heldelberg Volkies (w) Bes V2 09:00-12:00 IT (t) 14:00-17:00	Puntestrokies Tennis vs Marais Viljoen (t&w) Fairland Swem 14:00-17:00 WOR 7's rugby by L/S Fontainebleau FW V1 09:00-12:00	Netbal: Gauteng Fast 5 GSS (Florida) Gauteng Sentraal Laerskole: Tennistoernooi (T) Krieket vs Trinity Randpark	Verjaar: J Clifford Netbal: Gauteng Fast 5 uitspele (Florida) Gauteng Sentraal Laerskole: Tennistoernooi (t)
16	17	18	19	20	21	22
Admaths Gr 8-11 17:00 Netbal: Monday Night Lights A Capella oefening 18:00-21:00 Tafeltennis vs Rena Academy (t) Snr Netbalproewe (t) 14:30 FW V2 09:00-12:00	Dogterstennis: Helpmekaar AB (w) Snr Netbalproewe (t) 14:30 Kooroefening Eko V2 09:00-11:00 Musiek (t) 09:00-12:00 Musiek Luistertoets 14:00-15:30	Atletiek: Curro Podium (Pilditch) GSN Gr 11 GVS PAT GVS 09:00-12:00	SF-opleiding Krieket vs Die Anker Musiek (p) 08:00-12:00	Skool Sluit Rapporte Gr 8-11 Tennis: Hilton (mbw) SF-opleiding	Matriekafskeid 18:00 Tennis: Hilton (mbw) Noord vs Suid Atletiek: Paarl (w) Fietsry: National Final (w)	Tennis: Hilton (mbw) Fietsry: National Final (w) Atletiek: Paarl
23	24	25	26	27	28	29
Tennis: Hilton (mbw) Atletiek: Paarl	Erfenisdag Atletiek: Paarl	Atletiek: Paarl				
30	1	2	3	4	5	6
Tafeltennis vs Hyde Park (t)						